

10 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 10:26-31
Fokusgedeelte: Matteus 10:29-31

Versekering aan gestuurdes

Jesus stuur sy dissipels uit na die verlore skape van Israel. Sy dissipels moet aan die verlore skape van die huis van Israel gaan verkondig: "Die koninkryk van die hemel het naby gekom" (vs7).

Drie keer verseker Jesus sy dissipels dat hulle nie bevrees moet wees nie (vs 26, 28, 31).
Waarom moet hulle nie bang wees nie?

- en eerste moet hulle nie bang wees vir dit wat mense aan hulle sal doen nie. Met die wederkoms van Christus sal alles geopenbaar word en dan sal reg geskied. T
- en tweede moet hulle nie bang wees vir die mense wat die liggaam kan doodmaak nie, want niemand kan die siel van die mens vernietig nie. T
- in die derde plek gee Jesus aan sy dissipels 'n wonderlike versekering. Hy wys hulle op God se voorsienigheid en bewaring. As voorbeeld praat Jesus oor die mossies van die hemel. Mossies is in die oë van die mens nie veel werd nie. In daardie tyd het jy een sent vir twee mossies betaal. Tog is hulle nie buite God se voorsienigheid nie. Verder praat Jesus van die dissipels se hare. Hoeveel hare het elke mens nie en tog nie val nie 'n haar van 'n mens se hoof sonder die wil van sy Hemelse Vader nie. I

Jy het ook 'n opdrag om ander van Jesus Christus te vertel en van Hom te getuig. Mense sal nie altyd ontvanklik wees vir wat jy sê nie. Miskien sal hulle jou uitlag en bespot. Moenie daardeur afgesit word nie. Jesus verseker jou in hierdie gedeelte dat jou Vader alles weet en sien. Hy sien jou ywer en bereidwilligheid om sy Woord te verkondig. Hy sien ook die teenstand wat jy ontvang. Hy sal by jou wees wanneer jy spot en teenslae verduur omdat jy sy getuie is. Hy sal jou vertroos met die wonderlike versekering dat sonder sy wil niks met jou kan gebeur nie.

Sing: Psalm 119:53 Ds. Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)